

Die Tekkelboks

NUUSBLAD VAN BIRKENHEAD BOOTKLUB - Desember 2021



Twee formidabele hengelaars. Ben Uys (links) en Leon Lombard was die bemanning van Oupa, wat vanjaar vir die derde keer Birkenhead Bootklub se kampioenboot is. Ben is die skipper en weer die individuele visvangkampioen. Leon, 'n nuwe lid, het in die King of the Bay-kompetisie die swaarste sak vis (15.35 kg) uit 27 hengelaars ingeweeg. Berigte op bl. 2.

Robbie spel sy visie uit

Robbie Nelson is 'n man met 'n plan. Die pas verkose voorsitter van Birkenhead Bootklub het 'n duidelike visie vir die heropbou van die klub ná die skade wat Covid-19-inperkings aangerig het. Ondanks die druk op inkomste weens onder meer gedwonge kroegsluitings en beperkte gesellighede het BBK die jaar met 'n batige saldo afgesluit. Dit is in groot mate te danke aan Robbie se inisiatief om die Woensdagaand-braaie te laat herleef, en daarmee saam natuurlik die kroeginkomste (lewensaar van 'n sportklub) 'n hupstoot te gee. Lede het hierdie geleentheid geesdriftig ondersteun. Robbie het vanjaar as voorsitter waargeneem ná Philip Fourie se uittrede en sê dit was 'n uitdaging en nie altyd maklik nie, maar tog is van die doelwitte oorskry. Op die jaarvergadering het hy spesifiek sy vrou, Marié, bedank. Sy was nie net tesourier nie, maar ook spysenieringsbeampte, klubbestuurder en talle kere ook kroegdame! Robbie noem

haar 'n organiseerder van formaat. In sy jaaroorlog was hy ewe opgewonde oor die fantastiese gees wat in die klub heers. "n Klub is so goed en so sterk as die lede wat daaraan behoort. Baie dankie aan al ons lede vir jul ondersteuning deur die jaar, vir verskeie inisiatiewe en insette gelewer en vele skenkings vir funksies en ander sake." Die toenemende geweldigheid van die klub word onderstreep deur 'n verstommende toename van 25% in die ledetal tot meer as 80 die afgelope jaar. En dis meelewendende lede! Robbie het die volgende mikpunte vir 2022 gestel: 1. Bereiking van finansiële doelwitte; 2. Nog groter ledetal; 3. Meer lede en vriende wat gesellighede bywoon; 4. Nog beter reklame vir saalverhuring; 5. Inisiatiewe van lede om BBK nog verder te versterk. "Ek sien uit na 2022 en is oortuig dat ons met die steun van ons lede 'n reuse-sukses daarvan gaan maak," het hy gesê.

Geen keer aan Oupa

Oud, maar nog ver van koud. Dit kan gesê word van Oupa, wat vir die derde keer Birkenhead Bootklub se kampioenboot is (2016, 2020 en 2021). Sy eienaar en skipper, Ben Uys, is vir die tweede agtereenvolgende jaar die klub se visvangkampioen. Ben se Oupa is ouer as 45 jaar (teenoor sy baas se 53!) en destyds in die Strand deur ene Storm gebou. Dié reeks is Stormcraft genoem en een van die bote is deur die legendariese Gansbaaise visserman Den Fourie, bekend as Oupa Den, aangeskaf. Die boot is na hom genoem. Sedert Ben vir Oupa oorgeneem het, het hy baie min veranderinge aangebring. Ben is 'n boorling van Baardskoordersbos en het 'n lang visvangsgeskiedenis. Sy pa het in Walvisbaai visgevang en Ben self het vir 13 jaar by Fourie en Vennote van Gansbaai getreil. So het hy die see goed leer ken en respekteer. "Ek het baie by die ou mense geleer," vertel die melkboer van Bbos. Sy seun JP sit die tradisie voort en was drie keer BBK se junior kampioen.



Carl Dyer van Hermanus, nuwe BBK-lid. Sy boot heet Nauti-Buoy.



BBK-prysweners: AGTER vlnr Robbie Nelson (voorsitter), Rick Kuisis, De Wet Giliomee en Herman Botha; VOOR: Ben Uys, Norman Kemm, Colleen Kemm en Anita Vermeulen.


Beste hengelaars van 2021

Algehele visvangkampioen: 1. Ben Uys 34.65 kg; 2. Rick Kuisis 32.45.
Bootkampioen: 1. Oupa van Ben Uys; 2. @Work van Rick Kuisis.
Vroue-kampioen: 1. Anita Vermeulen 26.05 kg; 2. Colleen Kemm 23.15.
Junior kampioen: Danie du Toit 7.1 kg.
Swaarste roman: 1. Norman Kemm 2.6; 2. De Wet Giliomee 2.3.
Rooi stompneus: 1. Bev Swart 4.2; 2. Lambert de Wet 3.6.
Silwervis: 1. Herman Botha 2.25; 2.

Danie du Toit 1.90. **Geelbek:** 1. Ben Uys 3.45; 2. JP Uys 2.65.
Kabeljou: Lambert de Wet 1.1.
Hangberger: 1. Rick Kuisis 1.35; 2. Anita Vermeulen 1.0.
Jakopewer: Anita Vermeulen 1.0.
Knorhaan: Lambert de Wet en Norman Kemm, albei 1.05.
Kreef: Bev Swart 0.35.
Swaarste vis elke 6 maande: Lambert de Wet (rooi stompneus, 3.6 kg) en Bev Swart (rooi stompneus, 4,2).

Kompetisies goed ondersteun

Ongunstige weer en Covid-19-bepenkings het meegebring dat BBK in die boekjaar net ses hengelkompetisies kon aanbied. Nietemin is twee rekords byna oortref, het Robbie Nelson in sy voorsittersrede op die klub se jaarvergadering gesê. Altesame 13 bote en 28 lede het deelgeneem. Dit vergelyk baie goed met die 15 bote van 2008 en 32 lede van 2011. "Ek glo ons gaan hierdie rekords binnekort verbeter," sê hy. Die totale gewig van vis ingeweeg en vis per hengelaar is minder as in vorige jare, wat te verstane is in die lig van die min kompetisies wat kon plaasvind. Twaalf uit 30 spesies op die klublys is gevang. Daaronder was 331 hottentotte en 63 romanne, maar



Danie du Toit is weer junior hengelkampioen.

net een kabeljou en geen geelstert. Geen klubrekord is verbeter nie. Die King of the Bay-interklubkompetisie is weens slegte weer twee keer uitgestel en het uiteindelik in November plaasgevind. Overberg het Birkenhead as kampioen onttron met 'n

naelskraap-sege. Die sewe bote van BBK se gemiddelde vangs was 5.92 teenoor die drie bote van Overberg se 6.11. Ben Uys (11.45) en Leon Lombard (15.35) op Oupa het die beste gemiddelde vangs van 13.40 behaal. Walker Bay van Hermanus was derde.



De Wet Giliomee en sy regterhand, Elize Burger, twee kosmakers van formaat. De Wet is verkies tot spysenieringsbeampte van BBK. Hy is die eienaar van G-Bay Biltong Deli, vleiskenner en bobaasbraaier. Daarvan kan vele getuig wat al van sy braaistukke geproe het. Ook is hy 'n groot wel-doener van ons klub. Elize is selfwyd bekend vir haar geurige geregte en saam gaan dié twee in 2022 sorg vir 'n kulinêre fees vir diegene wat die bootklub-gesellighede bywoon.



Charlie Steyn (Geesbeker) en Marié Nelson

Klub bied waarde

Verhoogde kostes raak almal. Gevolglik het Birkenhead Bootklub ook geen ander keuse gehad as om sy ledegeld en kaartjies vir gesellighede in 2022 te verhoog nie. Dit moet in gedagte gehou word dat daar weens die impak van Covid-19 vanjaar geen verhoging was nie.

Op die jaarvergadering is die bestuurskomitee se aanbeveling aanvaar dat die jaarlikse ledegeld vir pare tot R700 styg, vir enkelpersone tot R400 en vir juniors tot R100.

Toegang tot die maandelikse ete/dansgesellighede sal voortaan R130 vir lede en R150 vir nie-lede kos. Diegene wat by die jaareindgeselligheid aan De Wet Giliomee en Elize Burger se geregte gesmul het, sal kan getuig van uitstekende waarde vir geld. As bonus is daar lekker dansmusiek en 'n goeie gees.

Die jaarprogram vir 2022 is reeds opgestel en die datums vir klubkompetisies en –gesellighede is: 8 Jan (geen ete/dans), 5 Feb, 5 Maart, 2 April, 7 Mei, 4 Junie, 2 Julie, 6 Aug, 3 Sept, 1



Hardus Botha



Bev Swart

Nuwe komitee het drie veranderinge

Drie nuwelinge is opgeneem in Birkenhead Bootklub se bestuurskomitee vir 2022. Hulle is Bev Swart (ondervoorsitter), De Wet Giliomee (spysenieringsbeampte) en Hardus Botha (sekretaris/skamel- en mediabeampte).

Robbie Nelson, wat as voorsitter waargeneem het, het hom op die jaarvergadering vir dié pos beskikbaar gestel en is onbestrede verkies. Sy hand word gesterk deur die aanwysing van Bev as ondervoorsitter. Bev het al voorheen in dié hoedanigheid gedien, is 'n gewese BBK-hengelkampioen en beklee 'n bestuurspos by die Gansbaai Gholflklub.

De Wet vul die vakante pos van spysenieringsbeampte, terwyl Hardus, alom bekend as Gansbaai se bedrywige koerantman, by Gerrit Cloete oorneem as sekretaris en skamel- en mediabeampte. Gerrit was ná vyf jaar nie herkiesbaar nie. Hardus het al in verskeie komitees gedien, ook by BBK.

Johan Burmeister is reeds 23 jaar 'n klublid en groet ná 19 termyn die komitee. Hy sal steeds die take van wedstrydsekretaris en veiligheidsbeampte verrig, maar die komitee sal 'n lid aanwys om hieroor verslag te doen. Die pos van klubbestuurder bly vakant.

Die nuwe komitee is: Robbie Nelson (voorsitter), Bev Swart (ondervoorsitter), Marié Nelson (tesourier), Hardus Botha (sekretaris/skamel- en mediabeampte), Steve Muller (instandhouding), De Wet Giliomee (spyseniering) en George Rowan (bykomende lid).



Gerrit Cloete (links) en Johan Burmeister (regs) het elk 'n bottel wyn van Robbie Nelson ontvang vir dienste gelewer as komiteeledede. Hulle tree vanjaar uit. Johan het ook 'n trofee vir sy lang diens gekry.

Okt, 5 Nov (geen ete/dans), 3 Des (geen ete/dans). King of the Bay is bepaal vir 1 Okt, die AJV vir 18 Nov, jaareindfunksie vir 19 Nov en Oujaarsaanddans 31 Des.

Uit die pen van die Voorsitter



Birkenhead Bootklub lewer ook 'n bydrae tot die welsyn van die gemeenskap. Ná die Augustus-geselligheid het Robbie Nelson en Steve en Margi Muller die orige kos by die Silwerjarediensentrum vir bejaardes in Blompark gaan aflewer. Dit het bestaan uit 10 liter sop, patats en nagereg. Die bejaardes was opreg dankbaar vir hierdie meevaller te midde van groot geldnood.

Brief van die Redakteur

Dié uitgawe van *Die Tekkelboks* is my swanesang. Ná vyf jaar tree ek uit as BBK-komiteelid en gee my portefeuljies oor aan Hardus Botha, wat as Gansbaai se jarelange koerantman goed vertrouwd is met die gemeenskap en natuurlik ons bootklub. Beste wense aan hom. Hoewel ek nie hengel nie, was dit 'n verrykende ervaring om by die klub betrokke te wees. Nuwe vriende is gemaak en dit was veral lekker om met *Die Tekkelboks* weer my ou beroep van joernalistiek te beoefen. Ook was dit 'n voorreg om te dien onder twee hoogs bekwame en dinamiese

voorsitters, Philip Fourie en Robbie Nelson. Voeg hierby lojale en toegewyde lede en die toekoms lyk rooskleurig.

Dankie aan Hardus vir die foto's in hierdie uitgawe, Elize Eygelaar vir bystand met die bladuitleg en Hein van Wyk van Overtrek Rekenaars vir die uitstuur van ons nuusblad per e-pos. Ek sien daarna uit om steeds by die klub te kom dans. Saam met die heerlike etes en gesonde gees is dit gewis waarde vir geld!

Gerrit Cloete, Redakteur

En so kom die jaar tot 'n einde, sonder dat ons dit werklik agterkom. Covid het veroorsaak dat ons 'n paar funksies moes afstel en dié wat ons kon hou, moes ons vroeg toemaak. Daar was onvoorsiene uitgawes wat ons kontantvloei negatief beïnvloed het, maar ons eindig die jaar steeds met 'n batige saldo. Die weer speel nie saam nie en ons kon nie al ons visvangkompetisies inpas nie.

Tog is daar 'n hele paar positiewes wat hieruit gebore word. Ons begin weer Woensdae te braai en dit gaan van krag tot krag, soseer dat ons op een Woensdag 37 gaste het! Ons lede begin spontaan bydra – ons kry kontantskenkings, bydraes van vis, vleis ens. vir funksies, hulp met kosmaak en by funksies, een lid borg ons dranklisensie (anoniem) en vele meer as wat ek kan noem! Die ledetal neem toe met 'n baie goeie 25% en dit is totaal te danke aan bestaande lede wat werwing doen.

Die vergrote komitee vir 2022 neem heelwat stres weg van sommige van ons komiteelede wat tot vier mense se pligte moes hanteer. Baie dankie aan die 2021-komitee vir jul harde werk en bereidwilligheid in moeilike omstandighede. Ons het 'n klompie uitdagings wat voorlê, maar ek het alle vertroue in die komitee, asook ons lede, dat ons dit die hoof sal bied.

Ek wil ieder en elk van ons lede bedank vir jul bydrae, klein of groot, om die klub suksesvol te maak en ek sien uit na 'n baie geslaagde 2022. Alle dank en eer aan God, wat dit vir ons moontlik gemaak het. Mag julle 'n geseënde Kersfees beleef en voorspoed vir 2022!

Robbie Nelson, Voorsitter



Só bring lede hul kant om Birkenhead Bootklub lewenskragtig te hou. Francien Rowan (links)